Beeld
Jou wêreld, Jou koerant

Druk hierdie artikel

# 'n Uitruiltransaksie met die leser

2012-03-02 11:51

*Sy's besig met 'n woordboom vir die US Woordfees, publiseer binnekort haar eerste roman, en is 'n kranige blogger en fotograaf. ELMARI RAUTENBACH probeer uitvind wie's die regte Reney Warrington.*



RENEY WARRINGTON

Foto's · Lesersfoto's · Nuus in Foto's
Stuur vir ons jou foto's · Stuur vir ons jou foto's

**Nee kwit, nou moet jy asseblief verduidelik wat is 'n woordboom?**

Die plan is om mense tydens my boekbekendstelling by die Woordfees te vra om hul eie stories/herinneringe /hulde wat hulle wil bring op linte te skryf en dit dan in die bome op die Woordfees-gronde vas te knoop. 'n Visuele verteenwoordiging van mense se stories, maar ook iets wat mense kan dóén. Yoko Ono het 'n soortgelyke projek, 'n wensboom, in New York begin.

Intussen versamel ek reeds stories via my blogs en Facebook wat ek met my foto's wil kombineer en tydens die bekendstelling wil projekteer.

**Wat het jou die idee gegee?**

Ek is mal oor openbare kuns en die impak wat dit op niksvermoedende mense het. Dit vat kuns, en in my geval teks, uit stywe galerye uit na straatvlak en bereik só baie meer mense. Op dié manier word my lesers ook deel van iets groter as net die lees van my boek; dit word 'n uitruiltransaksie tussen my en hulle.

**Jou eerstelingroman verskyn binnekort by Protea – *Oktober*. Ek hoor jy het in die aanloop tot die publikasie daarvan dikwels met mense gesels via jou Litnet-blog.**

Ek het aanvanklik in 2009 begin blog omdat dit iets nuuts was om te probeer. Die onmiddellike terugvoer was fantasties en aangesien meeste inskrywings anoniem is, was dit ook eerlik.

So twee jaar terug het ek wel 'n plan beraam om my blog meer doelgerig te gebruik. *Oktober* moet die lig sien, het ek een Oujaar besluit, en as geen uitgewer die kans daarop wil vat nie, sal ek selfs self-publiseer. (Of fotostateer en uitdeel!)

Sonder die ondersteuning van 'n uitgewer moet jy egter self bemark. Dit is waar die blogs ingekom het. Jy moet 'n openbare profiel begin opbou. Ek het gelyktydig op Litnet Blogs en One Small Seed geblog, vir omtrent 3 jaar film resensies vir Litnet geskryf en einde verlede jaar vir www.sarie.com begin resenseer.

Noudat ek met Protea geteken het, is die reeds bestaande profiel 'n bonus.

**Vertel meer van jou roman self. Dit word deur Protea beskryf as 'n "liefdesverhaal vir die 21e eeu".**

*Oktober* gaan oor 'n liefdesverhouding tussen Jo, 'n Joburg fotograaf, en Leigh, 'n Amerikaanse sangeres. Weens beide se bagasie begin hulle 'n verhouding met 'n baie definitiewe vervaldatum.

**Is jou roman geskryf in die tradisie van 'n lesbiese roman; trouens, dink jy daar ís iets soos 'n "lesbiese roman" in Afrikaans?**

Ek dink nie *Oktober* is 'n lesbiese roman nie. Ja, daar is 'n lesbiese verhouding in die boek, maar Jo is meer as net 'n vrou wat verlief raak op 'n vrou, sy is 'n tannie wat alles sal gee om haar susterkinders weer vas te hou, 'n dogter wat kyk hoe vou haar ma onder die hartseer en 'n suster wat nie weet hoe lank haar broer se gebroke lyf gaan hou nie.

Ek dink wel ons het meer romans met positiewe gay/lesbiese rolmodelle nodig. Daar is wêreldwyd gay tieners wat deurloop onder klasmaats, wat nie die druk kan hanteer nie en dan hul eie lewens neem.

**Jy hou ook 'n fototentoonstelling by die KKNK.**

Ek is deel van die groepuitstalling, *Ik ben een Afrikander.* My werk, het ek onlangs eers agtergekom toe 'n kurator vir my gevra het om daaroor te skryf, gaan oor die persoonlike, die private. Ek bou monumente vir mense – mense wat belangrik is vir my, of mense wat ek mis.

Aanvanklik het hierdie 'monumente' die vorm aangeneem van leë spasies. Ek het byvoorbeeld die leë agterplaas afgeneem waar my susterskinders eens gespeel het (*Family Affair Vol I*), die rehab waar my pa herstel het (*Rehab)* en die leë wagkamer van die hospitaal waar my tannie oorlede is.

Meer onlangs het ek begin om teks en fotografie te kombineer. Vir *Ik ben een Afrikander* het ek byvoorbeeld 'n portret van my vrou gevat en gekombineer met die 2009 HAT se verklarings van 'liefde' en 'huwelik'. Ja, dit is 'n proteswerk aangesien die twee woorde in terme van 'man en vrou verklaar word, maar vir my is dit meer 'n monument vir my en haar.

**Ek neem aan jou voorblad is een van jou foto's. Vertel 'n bietjie meer omtrent die simboliek agter die vadoeke, die kombuistoneel?**

Ja, dit is myne. Dit is laatmiddag geneem in ons kombuis. Vir my is die foto 'n simbool van 'n warm, liefdevolle huis, 'n plek waar jy veilig en beskermd voel. Dit is die tipe verhouding wat ek wou oordra in *Oktober.*

**As 'n fotograaf is jy gewoonlik agter die lens. Hoe vind jy oor die skielike kollig, die podcasts en videos ter**

**bekendstelling van die roman, die bekendstellings wat voorlê?**

Dit is 'n tweestryd vir my. Sommige dae wil ek myself in die studeerkamer toemaak. Ander dae stap ek in by Out in Africa se kantore in Kaapstad en vra heel windgat dat hulle *Oktober* op hul databasis bemark.

Einde verlede jaar moes ek vir die eerste keer in die publiek praat oor *Oktober.* My senuwees was gaar. Ek het gelukkig nota's gemaak van die belangrikste en die heeltyd afgekyk na die boekie in my hand. In die posisie, boek in die hand, kop afgekeer, het ek verduidelik dat ek 'n leë boek gaan omstuur, dat ek nou my storie omtrent my susterskinders vertel het en dat die gehoor nou hulde moet bring aan iemand wat hulle mis. Toe ek opkyk, word ek oorweldig deur die vrou in die voorste ry met trane in haar oë. Daardie oomblikke maak dit die moeite werd.

**Vertel 'n klein bietjie van hoe en waar jy grootgeword het en wat jy studeer het?**

My pa was die tipiese klein dorpie bankbestuurder wat almal op pad werk gegroet het deur een vinger van die stuurwiel af te lig. Ons het elke vier jaar getrek sodat hy 'n ander probleemtak kon uitsorteer.

My ma was die tannie in die buurt wat almal na toe gekom het vir advies. Sy was kwaai met ons, maar kwaaier met mense wat met ons sukkel.

My sussie was die blonde, mooi, gewilde tipe. Ek het die grond aanbid waarop sy loop.

Ek was 9 toe my gestremde broer gebore is en gelukkig te klein om te besef wat die omvang van die skade is. Ek het hom dus soos enige bababoetie geterroriseer, geklap en geknyp.

Skool was vir my lekker. Veral die Engelse klas. Dit verduidelik my enige onderskeiding – in Engels. Ek het 'n graad in politiek maar is gelukkig nog nooit gedwing om dit te gebruik nie.

**Beskryf in 'n sin of twee jou lewe vandag**

Ek is gelukkig genoeg om 'n lewe te leef saam met 'n beautiful vrou wat my liefhet, 'n onwrikbare ma wat by my staan, vriende wat ek vertrou en 'n debuutroman met 'n boodskap waarin ek glo.